

Gevorderde ratkas spaar groot geld

Isuzu Trucks stel AMT bekend in die swaar segment (8 501 kg tot 16 500 kg BVM) van die vragmotormark.

Drie jaar gelede, in 2009, het Isuzu Trucks SA al die ander vervaardigers in Suid-Afrika voorgespring met die bekendstelling van AMT (*Automated Manual Transmission*, oftewel, Geoutomatiseerde Handratkas) in die medium-segment van die vragmotormark. Tot dusver was die AMT-ratkas so 'n groot sukses dat talle vlooteienaars die AMT-modelle standaard in hul vlote gemaak het. Die verkope wat daaruit gespruit het, vertel die verhaal. In die Isuzu-modelle waarin AMT en gewone handratkaste aangebied word, word die helfte van die modelle met die AMT-opsie verkoop.

Die gevorderde AMT-ratkas maak nie net die lewe van bestuurders makliker nie, maar eienaars kan ook duisende rande per jaar bespaar. In 'n Smoother AMT-model, byvoorbeeld, gebruik die bestuurder glad nie die koppelaar wanneer hy wegtrek, ratte verwissel of stilhou nie. Hy gebruik bloot die ratkierie, versneller en die rempedaal. In die AMT, wat op 'n handratkas gegrond is, is gevorderde tegnologieë, soos 'n nat tipe meerplaatkoppelaar en hidrouliese koppeling, gebruik vir 'n maklik bruikbare stelsel teen 'n lae prys wat geskik is vir handelsvoertuie. Boonop maak die gebruik van 'n elektromagnetiese solenoïedklep-

ratwisseleenheid rekenaarbeheerde outomatiese ratwisseling én handwisseling moontlik.

Hierdie eienskap maak dit vir die bestuurder moontlik om die vragmotor in outomatiese of handrat-modus te bestuur sonder dat hy die koppelaar hoef te gebruik – wat die risiko van misbruik uitskakel.

Hierdie nuwigheid – 'n eerste in die bedryf – van Isuzu Trucks is nou ook beskikbaar in sekere modelle in die F-Series. Dit sal vlooteienaars dieselfde voordele bied wat die eienaars van die N-Series in die afgelope paar jaar ervaar het.

In die loop van 'n vragmotor se gebruiksduur, veral in die gebruik vir aflewering in swaar stedelike verkeer, moet die koppelaar, na gelang van die model, tussen vyf en agt keer vervang word. Dit kos geld, en dit is hier waar die AMT-opsie die eienaar hope geld kan bespaar.

Met AMT het die ratkas self handkontrole, maar die meganisme wat die ratte verwissel word elektronies beheer. Daar is geen koppelaar nie. Boonop is die vragmotor altyd in die regte rat, op die regte tyd. En daar is nie meer duur koppelaarvervangings nie.

'n Vragmotor toegerus met AMT behou sy verrigting en duursaamheid, en ook die

brandstofekonomie wat gewoonlik met 'n handratkas vereenselwig word. Hierdie Isuzu-modelle bestuur so maklik dat die bestuurder sy volle aandag op die pad en die verkeer rondom hom kan toespits. Die F-Series-modelle met AMT het 'n ses-gangratkas, wat ook spog met eienskappe soos *Hillside Assist*, of Heuvelhulp, vir wanneer die bestuurder, met 'n vol vrag agterop die bak, teen 'n steil opdraande moet wegtrek.

Vir eienaars wat meer kajuitruimte soek, is daar die FSR 750 AMT Crew Cab. Hierdie Isuzu het ruimte vir sewe insittendes en is ideaal wanneer werkers sowel as vragiewers heen vervoer moet word.

AMT is beskikbaar in die Isuzu N-Series sowel as die F-Series in die volgende modelweergawes: NPR 300, NPR 400, NPR 400 Crew Cab en NQR 500, FSR 750 Crew Cab, FSR 800 en die FTR 850.

Die modelreeks word in die derde kwartaal van vanjaar uitgebrei wanneer die AMT opsie in die FRR 500 aangebied word.

ISUZU
TRUCKS
For the long run

